30 Januarie 2026

# NUUSBRIEF

no. 1 van 2026

## Vrede Skool Weeklikse Inligting

# Matriek Uitslae 100%



**Chariska Strydom**
7 Onderskeidings



**Mia Geldenhuys**
6 Onderskeidings



**Karlien Cilliers**
4 Onderskeidings



**Danike Saayman**
4 Onderskeidings



**BH Botha**
**2** Onderskeidings



**Marli-Annette du Preez**
**2** Onderskeidings



**Lanel Greyling**
**2** Onderskeidings



**Rachelle Pretorius**
2 Onderskeidings



**JP Vorster**
1 Onderskeiding

Die Matriekgroep van 2025 het weer Vrede Skool se naam hoog gehou met hul 100% slaagsyfer! Hulle het ook 74% universiteitstoelating behaal met 'n totaal van 30 onderskeidings tussen hulle!

Chariska Strydom behaal 7 onderskeidings en verdien daarmee haar plek in die eregang waar elke matriek wat vir al hul vakke 'n 7 behaal het se foto hang.

Vrede Skool het vir 32 jaar 'n 100% slaagsyfer behaal. Ons is besonder trots op ons Matrieks en wens hulle alle sterkte toe met hul toekomsplanne.

## 2-WEEK VOORUITSIG

**Februarie 2026**

2de - Gr 8 Baadjie Toets
3de - HA Krieket teen Voortrekker (weg)
3de/4de - Swem te Kroonstad
4de - HA DAA atletiek te Harrismith
6de - LA DAA atletiek te Harrismith
9de - Gr 8 en 12 oorslaap
10de - Groentjiekonsert
- HA Krieket teen Witteberg (weg)
11de - Interhuis Swemgala
12de - Valentynsdag verkope
- HA Valentynsbal
- LA Valentynssokkie
13de - Mini-netbal en -rugby voorseisoen kliniek
14de - PEP mini-netbal Afrigtingskursus
- Heilbron atletiek
- SACSSA aanlyn skaaktoernooi

## Verjaarsdae

31 Jan - Inneke Heyns (Gr 8)
2 Feb - Samuel Thwala
4 Feb - JC Cronje (Gr 11)
- Diwan Odendaal (Gr 7)
5 Feb - Andries Cillers (Gr 4)
- Samuel Motaung
8 Feb - Linamandla Maleka (Gr 2)
- Sarah Lephoto
9 Feb - George Hatley (Gr 6)
10 Feb - Elriko Nel (Gr 6)
11 Feb - Minette van der Wal (Gr 9)
15 Feb - Hanré Botha (Gr 4)
- Arnoldus Kotze (Gr 1)

## RUGBY

**Indrew Kimmins** het 4-12 Desember 2025 'n Travel en Sport Rugby UK toer bygewoon waartydens hy vir die o/16 Rovers gespeel het. Hy was geskies vir die span by die VKB U15/U16 week wat plaasgevind het in Maart by Vrede Skool. Hulle het 2 wedstryde gespeel. Die eerste wedstryd was teen Eton College en die tweede wedstryd was teen Lord Wandsworth College. Hulle 3de wedstryd van die toer het ongelukkig uitgereën. Hulle het ongelukkig albei wedstryde verloor.

Hulle het ook tydens die toer 'n wedstryd tussen die Sacarens en Clermont Auvergne by die Stonex Stadion gaan kyk en 'n besoek afgelê aan die bekende Twickenham Stadion en Principality Stadion in Cardiff, Wallis.








# Prefekte bou bande tydens inspirerende inligtingsessie

Die prefekte van die Hoërskool en Laerskool het van 27 tot 28 Desember 'n gesamentlike inligtingsessie by Vrede Skool se koshuis bygewoon. Hierdie waardevolle geleentheid het nie net gefokus op leierskapontwikkeling nie, maar ook op spanbou en samewerking.



Leonie van GRO Life Coaching was die gasspreker en het die leerders deur verskeie interaktiewe spanbou-aktiwiteite geneem. Sy het ook betekenisvolle sessies aangebied wat die prefekte toegerus het met praktiese vaardighede vir effektiewe kommunikasie, konflikhantering en verantwoordelike leierskap.



Dit was besonders om te sien hoe die LA- en HA-leiers hul koppe bymekaar gesit het, idees uitgeruil het en sterker bande gevorm het. Die sessie het 'n stewige grondslag gelê vir samewerking en eenheid binne ons skoolgemeenskap vir die jaar wat voorlê.

# Bokkesport Hoogtepunte!

## Baie geluk aan die volgende atlete:

| | | |
|---|---|---|
| **Victor Ludorum LA** | **PJ Potgieter<br>Calla Janse van Rensburg** | **5 x 1ste plekke<br>3 x 1ste plekke en 2 rekords** |
| **Victrix Ludorum LA** | **Sandra Linde** | **6 x 1ste plekke** |
| **Victor Ludorum HA (JNR)** | **Russel Botha** | **6 x 1ste plekke** |
| **Victrix Ludorum HA (JNR)** | **Inneke Heyns<br>Leila Erasmus** | **5 x 1ste plekke<br>5 x 1ste plekke** |
| **Victor Ludorum HA (SNR)** | **Indrew Kimmins<br>Christiaan Grobler** | **4 x 1ste plekke<br>4 x 1ste plekke** |
| **Victrix Ludorum HA (SNR)** | **Ella Odendaal** | **9 x 1ste plekke** |

058 913 1003 hsvrede@internet-sa.co.za 22 Reyneke Straat, Vrede, 9835

# Bokkesport Hoogtepunte!

**2026** se atletiekseisoen skop af met 'n heerlike Bokkesport waar elke leerder, personeel, ouer, oupa en ouma gesellig kon saam kuier terwyl die atlete hul talente op die atletiekbaan teen mekaar uitmeet. Die Bokkesport was weereens die jaar 'n baie groot sukses onder die baie bekwame leiding van Mnr. Benrico Kruger, Juf. Leandré van Wyk en Juf. Bernadene Nel.
Elkeen teenwoordig het bygedra tot die sukses van die dag. Van ouers wat om help het met kos maak, kos verkope, baanbeamptes en morele ondersteuning aan die atlete. 'n Hele paar rekords is weer die jaar gebreek. Onder andere is daar 'n ongelooflike 1696 pannekoeke die jaar verkoop! Maar die belangrikste rekords is natuurlik die atlete se rekords.




Die volgende rekords is gebreek:

- SO/8 80m: **Frik Els** stel 'n nuwe rekord op vir die 80m met sy blitsige tyd van 13,05 sek.
- SO/11 Gewigstoot: **Christiaan Portwig** stel 'n nuwe rekord met sy afstand van 9.9m.
- SO/12 Diskusgooi: **Calla Janse van Rensburg** breek die vorige rekord met 1,78m
- SO/12 Spiesgooi: **Calla Janse van Rensburg** breek 'n tweede rekord wat vanaf 2009 staan met sy afstand van 30.89m
- SO/14 100m H: **Hartman Corver** sny 'n volle sekond af van die vorige rekord met sy tyd van 16,2 sek.
- SO/14 Diskusgooi: **De Wet Portwig** breek 'n rekord wat vanaf 2014 staande was met 'n astronomiese 5.42m
- DO/15 Diskusgooi: **Anriëtte Janse van Rensburg** breek die vorige rekord van 26.5m deur Ninke Greyling met haar nuwe afstand van 27.86m

Daar is ook 'n nuwe items op die hierdie jaar se program:
- SO/18 5000m: **Schalk Greyvenstein** stel 'n nuwe tyd van 29:32,43 op

## City 1655 vs Safari 1650



# Bokkesport Hoogtepunte!

Nog 'n prettige hoogtepunt van die dag was natuurlik die oud-skoliere wat staande rekords het wat genooi is om hul rekords te kom verdedig. Dit was 'n heerlike verrassingsgeleentheid wat met ywer deur oud-skoliere aangepak is. Al het hulle so bietjie gesukkel (tong-in-die-kies) het hulle verseker die prys gewen vir die meeste gees en entoesiasme!

Baie dankie aan elkeen wat die dag bygewoon het, deelgeneem het en bygedra het. Vrede gemeenskap het weereens bewys dat ons 'n hegte gemeenskap is wat mekaar ondersteun.




Aflos span (30-40 jaar oud)




Freda Meyer verdedig haar rekord teen:
VLNR: Anke Meyer, Heilene Fourie, Lienkie Lübbe, Anje van Zyl, Freda Meyer, Madelein Fourie en Karin Cilliers

## Belangrike Datums vir Atletiek:

4 Feb - HA DAA te Harrismith
6 Feb - LA DAA te Harrismith
14 Feb - Heilbron
20 Feb - HA TBM te Bethlehem
21 Feb - LA TBM te Bethlehem
25 Feb - Supersport T&F te Sasolburg
5/6 Mrt - HA VS byeenkoms te Bloemfontein
7 Mrt - LA VS byeenkoms te Sasolburg
19-21 Mrt - LA SA's




058 913 1003 | hsvrede@internet-sa.co.za | 22 Reyneke Straat, Vrede, 9835

# Onthou....

## Redenaars:

Die skoolredenaars vind plaas op **17 Februarie 2026**. Kontak asb vir Juf. Elize Bresler indien jy belangstel om deel te neem.

Die ATKV-Redenaars kompetisie vind plaas op 22 en 23 April in Bethlehem. **Die inskrywings hiervoor sluit op 21 Februarie (fooi R230) of vir laat inskrywings teen 28 Februarie (R330).** Alle inskrywings word deur Juf. Elize Bresler behartig. Die temas vir hierdie jaar is as volg:

**Graad 1 tot 3 Afrikaans Huistaal en Addisionele Taal**
- Huis
- Pleister
- Geraas

**Graad 4 en 5 Afrikaans Huistaal en Addisionele Taal**
- Koers
- Kriewel
- Sout

**Graad 6 en 7 Afrikaans Huistaal en Addisionele Taal (Voorbereid)**
- Kies
- Pronk
- Rebelleer

**Graad 8 en 9 Afrikaans Huistaal en Addisionele Taal (Voorbereid)**
- Mentor
- Onkruid
- Tendens

**Graad 10 tot 12 Afrikaans Huistaal en Addisionele Taal (Voorbereid)**
- Risiko
- Polemiek
- Naskrif




# Is jy 'n Wiskunde Boffin?

## SAMO

Die eerste ronde van die Suid-Afrikaanse Wiskunde Olimpiade vir Graad 8-12 leerders vind plaas op 12 Maart. **Inskrywings sluit al op 21 Februarie** en die inskrywingsfooi is R45. Kontak asb. vir Juf. Marina Bester om in te skryf.

Die olimiade is 'n tawwe kompetisie en leerders wat 50% en meer in die 1ste ronde behaal dring deur na die 2de ronde.

## SAWU

Die eerste ronde van die Suid-Afrikaanse Wiskunde Uitdaging vir Graad 4-7 leerders vind plaas op 16-20 Maart. **Inskrywings sluit op 27 Februarie** en die inskrywingsfooi is R45. Kontak asb vir Juf. Chantelle Prinsloo vir meer inligting en om in te skryf.

Die wiskundige vrae is tawwe vrae wat leerders dwing om te dink. Leerders wat 50% en meer behaal indie 1ste ronde dring deur na die 2de ronde.


# Krieket



**Ansuri Zietsman** neem deel aan die o/19 Roses Cup toernooi wat 6-9 Januarie in Bloemfontein plaasgevind het.

Ansuri het 149 lopies in 5 wedstryde, wat haar 4e op meeste lopies in toernooi laat eindig.
Sy het n 57*, nie uit...
3de met beste kolf gemiddeld
4de met meeste vange
4de met meeste 6'e
5de met meeste 4's
1ste met meeste ekonomiese bouler
1ste met beste "partnership" 140 lopies

Sy is gekies om die Falcons dogtersspan te verteenwoordig by die Abu Dhabi Wêreld Skole dogters-krieket fees 2026



**Albie Swart** het vir die Golden Gate Guardians gespeel in die FPL toernooi tydens die vakansie in Bloemfontein.

Hy het ook vir die Knight Vrystaat o/17 Plattelandspan gespeel wat deelgeneem het aan die o/17 Nasionale Week gedurende die vakansie.

## Eerste Krieketspan

Die Eerste Krieketspan wen hul eerste wedstryd van 2026 teen Ficksburg met 8 paaltjies. Hulle het op Dinsdag 20 januarie in Ficksburg gaan speel.

Baie geluk. Ons wens julle alle sterkte toe vir die res van jul seisoen.



# Tennis



**Karli van Tonder** is opgeneem in die Oos-Vrystaat o/14 B-span nadat sy haar daagwedstryde met twee stelle 6-2 en 6-2 wen.

**PJ Potgieter** het op 12 en 13 Januarie aan die Vrystaat tennisproewe in Bloemfontein deelgeneem. Hy eindig no. 3 op die Vrystaat Seuns o/10 ranglys

















## Belangrike Datums vir Skaak:

- 14 Feb - SACSSA aanlyn toernooi
- 28 Feb - Opleiding vir beginners
- 7 Mrt - SACSSA aanlyn toernooi
- 21 Mrt - SACSSA kompetisie vir beginners

**Koor oefentye**
Maandag 13:30 - 14:30
Woensdag 13:30 - 14:00

# Die Graad 8 se reis na Inburgering

30 Januarie 2026

**Dag 1:** Suid-Afrika se wildtuin











**Dag 2:** Diepsee Duikers









**Dag 3:** Meksikaanse Fiesta










**Dag 4:** Tronkvoëls in Amerika









**Dag 5:** Sjef's en Onwettige Myners






# Prefektekamp - HA

Ons HA Prefekte het 'n besige week afgesluit met hulle kamp by Dimalachite, naby Parys. Hulle het verskeie spanbou aktiwiteite gedoen en ook op die Vaalrivier witwater roei gedoen.

Die span het baie mooi saamgewerk en baie leiersvaardighede aangeleer. Ons sien uit na 'n goeie jaar saam met hulle!












SUBSCRIBE

volg ons op Instagram

besoek gerus ons nuwe webwerf

**Volg VREDE SKOOL op Facebook**

058 913 1003 | hsvrede@internet-sa.co.za | 22 Reyneke Straat, Vrede, 9835

# Swem

5 van  Vrede kinders het deelgeneem aan die eerste skole gala op Kroonstad op 26 Januarie om te kwalifiseer vir die NFS swemgala op 3 en 4 Februarie ook in Kroonstad.

Skole wat deelgeneem het was:
*TKS primêr Bethlehem
*Jordania laerskool *Bethlehem Witteberg *Hoërskool Voortrekker Hoërskool
*Trio laerskool Kroonstad
Trio Hoërskool Kroonstad
*St. Dominics
Welkom *Gimnasium
*Kroon-Primêr
*Parys Primêre skool
*Sasolburg *Hoërskool Goudveld
*Trio-Primêr
Vaalpark
*Parys Hoërskool
*Lumiere
*Vrede Skool




**Vryslag 50m  dogters 9-10**
1ste 0/9 Christi Venter
Algeheel 4de

**50m vryslag**
Jian van Rooyen
Seuns 11-12jr
7de 0/11
Algeheel 19de

**50m rugslag**
11-12 jr
15de Jian van Rooyen

**IM 200m( vlinderslag, borsslag, rugslag, vryslag 50m elk)**
Seuns 13-14jr
6de Albert Venter
9de PJ Fick
10 de Russel Botha

**Vlinderslag 50m**
Seuns 13-14
7de Albert Venter
12 de PJ Fick
15de Russel Botha

**Rugslag**
Seuns 13 -14jr
8ste  Albert Venter
10de Russel Botha
12de PJ Fick

**50 m borsslag**
Seuns 13 tot 14jr
7de Russel Botha
12de Albert Venter
17de PJ Fick

**Vryslag 50 m**
Seuns 13-14jr
6de Russel Botha
7de PJ Fick
10 de Albert Venter

## BELANGRIKE SWEMDATUMS:

3 en 4 Feb - Kroonstad
11 Feb - Interhuis Gala
28 Feb - SACSSA Regionals
28 Mrt - SACSSA

# Vrede Vanuit Die kantoor

**Geagte Ouers, Voogde, Leerders en Personeel,**

Dit is vir my 'n groot voorreg om u almal hartlik welkom te heet aan die begin van 'n nuwe skooljaar by ons Vrede Skool familie. Ek vertrou dat elke gesin die vakansietyd as 'n tyd van rus en hernuwing beleef het en dat 2026 vir ons almal met nuwe hoop en verwagting begin.

'n Nuwe skooljaar bied vir ons 'n vars begin en 'n besondere geleentheid om voort te bou op dit wat reeds goed is. Ons uitstekende matriekuitslae van 2025 is 'n bewys van ons skool se uitnemendheid. As 'n gekombineerde skool is ons uniek bevoorreg om leerders van die grondslagfase tot die senior fases op een kampus te begelei. Dit stel ons in staat om 'n sterk kultuur van sorg, kontinuïteit en waardes te vestig wat oor alle grade heen strek.

By ons skool glo ons dat ware sukses nie slegs in akademiese prestasie gemeet word nie, maar ook in karaktervorming, dissipline, respek en verantwoordelikheid. Ek sien uit daarna om saam met ons toegewyde personeel, ondersteunende ouers en gemotiveerde leerders 'n jaar van groei, samewerking en betekenisvolle prestasie te beleef. Ons het 'n baie vol akademiese program wat saam met 'n baie besige buitemuurse program moet funksioneer. Die sukses lê in goeie tydsbestuur en beplanning van alle rolspelers.

Ons fokus vir die jaar sluit die volgende in:

- Toewyding tot uitnemendheid in elke fase
- 'n Positiewe en opbouende gesindheid onder alle rolspelers
- Wedersydse respek tussen jonger en ouer leerders
- Akademiese ontwikkeling én karaktervorming

As rigtingwyser vir die jaar hou ons vas aan die volgende Bybelvers:
*"Die Here sal krag gee aan sy volk; die Here sal sy volk seën met vrede."*
— Psalm 29:11

Mag hierdie belofte ons daagliks herinner dat ons krag, wysheid en leiding van die Here ontvang, en dat Hy ons hele skoolgemeenskap – van die jongste leerder tot die oudste matrikulant – met vrede en eenheid sal seën.
Ek nooi elke leerder uit om elke dag hul beste te gee, elke ouer om betrokke en ondersteunend te bly, en elke personeellid om met roeping en passie voort te gaan.

Mag 2026 vir ons skool 'n geseënde, suksesvolle en vervullende jaar wees.
Met waardering en hoop, mik hoog.

Mnr C Smith
Skoolhoof

**VIVA TAALWENK**

**Hooftelwoorde** wat met die woord "en" gevorm word, kan met of sonder koppeltekens geskryf word, byvoorbeeld "ses en twintig" of "ses-en-twintig".

**Rangtelwoorde** wat met die woord "en" gevorm word, word met koppeltekens geskryf, byvoorbeeld "ses-en-twintigste".

Bron(ne): 2017-AWS 15.43 en 15.46

